‘Hy het my hier geplaas, hier gaan ek bly’

Boerin van Reitz

—deur Lourieke Haller

Ons het Annalea van Niekerk tydens die onlangse JOY! toer na Turkye leer ken. Dit is die lekker daarvan om saam met ons lesers te toer, jy kan hulle van nader leer ken en hulle eiesoortige lewensverhale hoor. Terwyl hulle so in die glashelder water van die spadorp Bodrum in die Egeïese See afgekoel het, het ons redaktrise ontdek dat hierdie blondekop verrassend genoeg ’n boer is! Natuurlik wou ons meer weet van die boerin van Reitz in die Oos-Vrystaat waar sy met Sussex-beeste boer.

Wat het jy van die toer in Turkye geniet?

Turkye het my verras. Die omvang van die landbou het my verstom; die boere saai groot en is modern. Ek is ook so geseën deur die toerleiers en die mense wat saam op die toer was. Die Here het lekker met my op die toer gewerk en dinge in my lewe uitgewys wat Hy wil verander. Dit help as jy met Christene gesels wat jou raad kan gee. En om te dink, aan die begin van die toer was almal vreemdelinge en binne elf dae is almal familie. Ek beveel beslis ’n besoek aan Turkye aan!

Hoe het dit gebeur dat jy ’n boer is?

Vandat ek kan onthou, wou ek boer. Ek was omtrent drie maande oud toe het ek al saam my pa deur die landerye gery. Ek het

Vandat ek kan onthou, wou ek boer … my familie is boere, dis in ons bloed.

met die natuur om my grootgeword. Die meeste van my familie is boere; dis in ons bloed.

Besit jy die plaas of bestuur jy dit net?

Ek besit tans geen grond nie, ek huur net weiding waar my beeste loop. In hierdie stadium werk dit die beste vir my en my kudde omdat ek nog nie so groot boer nie. Die Here is so goed, Hy voorsien elke keer nog weiding en kos vir my diere.

Wie het jou oor boerdery geleer? Het jy gaan studeer?

Van kleins af het ek in gesprekke gesit waar boerdery gepraat is. Ek het geleer hoe ’n boer moet dink. Die feit dat ek tuisonderrig ontvang het, het ook ’n groot uitwerking gehad en was ’n seën, want ek was heeltyd op die plaas en in die geselskap van ander boere. ’n Boer dink en sien dinge baie anders as ander mense. Ek het baie by my pa geleer, maar ook by my ooms. Ek het gekyk hoe my pa dinge doen en so by die beste leermeester geleer.

My pa is een van die beste boere wat ek ken. Ek het wel in 2017 my diploma in veeproduksie verwerf, maar boerdery is elke dag ’n leerskool, ’n mens weet nooit alles nie. Daarom is dit so belangrik dat boere mekaar

help en raad gee sodat ons steeds kan vorder in landbou.

Hoe lyk 'n tipiese dag op die plaas vir jou?

Ek is 'n boer, maar glad nie 'n oggendmens nie. Almal dink altyd boere staan saam met die hoenders op, maar ek weet van baie van ons wat maar swaar trek om só vroeg op te staan. Ek begin my oggend met 'n lekker koppie koffie – boerdery behels beplanning en dis met 'n koppie koffie in die hand waar ek my beplanning vir die dag doen.

Elke dag verskil. Ek het dae met net nie genoeg ure om alles klaar te maak nie, of waar alles skeefloop en ek niks gedoen kry van wat ek beplan het nie; 'n koei sukkel om te kalf of die beeste breek die drade. In die kalfseisoen ry ons meer as twee keer per dag deur die trop om seker te maak daar is nie 'n koei wat sukkel om te kalf nie. Dan merk ons die stoetkalwers en weeg hulle, want boekhouding van jou stoet is baie belangrik in stoetboerdery.

Hoe beleef jy dit as vrou in 'n manswêreld?

Sjoe, dis soms maar moeilik. Baie moeilik. Ek het myself al bewys, maar soms word ek steeds nie gerespekteer nie. Ek ken baie vroueboere wat harder werk as mans. Dit voel baiekeer of my mening niks beteken nie. Dit is uitputtend en stresvol om 'n vrou in die landbou te wees, maar dan weet ek, ek het die Here se krag wat my versterk.

Dit is my tuiste , ek vertrou God gaan iets groots vir ons land doen.

Ek het al geleer as ek moedeloos voel, moet ek myself herinner aan hoe God my sien. Hy het my 'n sterk vrou gemaak wat tot alles in staat is en wat enigiets saam met Hom kan oorwin. Hy het my lief en Hy is trots op my.

Voorheen het ek my baie gesteur aan wat ander mense van my dink, maar die Here het my op 'n plek gebring waar dit vir my belangriker is wat Hý van my dink. Ek het 'n pad gestap waar die Here my gewys het hoe lief Hy my het en hoe Hy my sien, want ons as vroue sukkel mos maar soms daarmee. Ons kan maklik minderwaardig voel, maar Abba het ons waarlik lief en ons is 'n meesterstuk wat deur die Meester geskape is. Nou is dit aansienlik makliker om in 'n manswêreld mee te ding. Dit is lekker om te ervaar hoe mooi ek deur ander boere gehanteer en gerespekteer word vir wat ek doen. »

Annalea saam met haar pa, Danie van Niekerk

Boerin van Reitz

Wat is jou grootste uitdaging en hoe hanteer jy dit?

Ek is vrou-alleen. My pa help my baie en ek het baie goeie werkers, maar dit is maar moeilik om alleen my eie boerdery te bestuur. Nog 'n uitdaging is al die dinge wat nou in ons land gebeur, ook weerstoestande wat vererger. Ek moet my oë op Jesus gerig hou en verby al die aardse dinge kyk. Dit is so maklik om negatief te raak, maar Jesus sê Hy gee in oorvloed aan dié wat op Hom vertrou. Dis 'n uitdaging om positief te bly, maar dit is ons as Christen-boere se plig om hoop en positiwiteit uit te straal.

Hoe is God 'n werklikheid in jou daaglikse lewe?

As ek om my kyk, sien ek Hom. Hy het alles geskape waarmee ek elke dag werk. As 'n koei kalf, is dit 'n wonderwerk, as ons plant en die saad verander in 'n plantjie en breek deur die harde grond, is dit 'n wonderwerk. Ek het nog nooit so op die Here vertrou soos nou nie. Elke stap in boerdery is 'n geloofstap, want jy weet nooit of jy môre nog iets gaan hê nie. Die hael kan al jou oeste wegslaan, of 'n siekte kan al jou diere laat vrek, maar ek weet waar my geloof is – in Jesus.

Boerdery het my geleer dat ek alles vir Hom moet gee en op Hom vertrou, ongeag van hoe dit van buite lyk. Ek het al die slegte en goeie kante van boerdery beleef, en dit het net my besef verdiep van hoe groot Hy is, dat ek oor niks bekommerd hoef te wees nie, want Hy het my geseën met baie talente en gesag om elke situasie te kan hanteer. Mense sê dikwels dit is seker maar God se wil dat 'n slegte ding met hulle gebeur het, maar

Turkye het my verras. Die omvang van die landbou het my verstom …

dit is nie, God het ons lief en Hy wil net die beste vir Sy kinders hê. Ons maak dikwels self deure oop vir slegte dinge om in ons lewens te gebeur. Ons moet in geloof opstaan teen dit wat verkeerd is en alle negatiwiteit uit ons lewens verban, want as ons bitterheid in ons harte het en negatief is, kan die Here nie kom en doen wat Hy graag vir ons wil doen nie.

Wat is jou mening oor die toekoms vir boere in Suid-Afrika?

Ek is baie opgewonde oor die toekoms. Ja, d boere is onseker, maar Jesus sê ons moet Hom vertrou en nie in die vlees na dinge ons kyk nie. Dit is nou ons doel as Christe boere om op te staan teen al die negatie dinge wat in die land gebeur. Om nee te sê vrees. Dit kom van die duiwel af.

Boere moet op die Here vertrou en oph vaskyk teen wat gebeur. As jongmens is nie bang nie, want ek dien 'n groot God; is egter ook 'n daaglikse besluit wat ek mo neem. Baie mense het al vir my gesê: "Ann lea, daar gaan nie 'n toekoms in die land jou kinders wees nie." Ek vertrou op die He en nie op mense nie. Ek luister na wat H sê. As Hy vir my sê ek moet na 'n ander lan gaan, doen ek dit, maar ek glo Hy het my hi geplaas en hier gaan ek bly.

As almal na ander lande vlug, wat gaa van ons land word? Ek was al in baie lande en elke keer is ek so dankbaar om na Suid-Afrika terug te keer. Dit is my tuiste en ek is trots op ons land. Ons moet ophou negatief praat oor ons land en sy mense. Spreek lewe en nie dood nie, want uit die tong kom lewe of dood. Ek hoor heeltemal te veel dat die dood oor ons land gespreek word. As Christene moet ons opstaan en sê: "Ek vertrou God gaan iets groots vir ons land doen." ■